



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner

KENNISGEWING

VERLENING VAN GRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE (UITGESLUIT DOKTORALE GRADE)

DESEMBER 2013 EN APRIL 2014

Hierdie kennisgewing word aan ALLE voorgraadse finalejaarstudente en nagraadse studente tot op magistervlak gestuur en sal gevolglik ook ontvang word deur studente wat nie by enige van die onderstaande plegtighede sal gradueer nie. Voorgraadse kandidate wat 'n tweede eksamenleentheid vir 'n module in die Novembereksamens benut en slaag, sal hulle kwalifikasies by die April 2014-plegtighede ontvang. Doktorale grade word by twee afsonderlike plegtighede slegs vir doktorale kandidate in die Endlersaal van die Konservatorium vir Musiek toegeken en inligting daaroor word in 'n spesiale kennisgewing vir doktorale plegtighede vervat. Eredoktorsgrade word egter steeds by die laaste plegtigheid op die Vrydagoggend in die DF Malangedenksentrum te Coetzenburg toegeken.

A. PLEK, DATUMS EN TYE (Let wel: U sal die datums en tye van die April 2014-plegtighede by paragraaf J kry.)

Die verlening van grade, diplomas en sertifikate (hierna **kwalifikasies** genoem) (uitgesluit doktorsgrade maar ingesluit Eredoktorsgrade) in **Desember 2013** vind plaas in die **DF Malangedenksentrum** te **Coetzenburg** op die datums en tye soos hieronder in die tabel aangedui.

Elke plegtigheid begin stiptelik op die tyd in hakies aangedui, maar **alle graduandi MOET TWEE URE** vroeër by die Danie Craven stadion aanmeld, reeds in besit van hul gehuurde akademiese drag. Graduandi wat by die DF Malangedenksentrum aankom na die aanvangstyd van 'n plegtigheid, sal nie oor die verhoog kan stap nie (al het hy/sy reeds akademiese drag gehuur). So 'n graad word *in absentia* toegeken. Lees B en C hieronder baie noukeurig.

1. 10 DESEMBER, DINSDAG (10:00)	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
2. 10 DESEMBER, DINSDAG (17:30)	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Groep B [#])
3. 11 DESEMBER, WOENSDAG (10:00)	Lettere en Sosiale Wetenskappe
4. 11 DESEMBER, WOENSDAG (17:30)	Natuurwetenskappe
5. 12 DESEMBER, DONDERDAG (10:00)	Opvoedkunde Teologie Krygskunde
6. 12 DESEMBER, DONDERDAG (17:30)	Regsgeleerdheid Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Groep A [#])
7. 13 DESEMBER, VRYDAG (10:00)	AgriWetenskappe Ingenieurswese Eredoktorsgrade

INDELING IN GROEPE

Groep A	Groep B
Nagr Dipl in Dispuutbeslegting	Nagr Dipl in Akt Wetenskap
Nagr Dipl in Leierskap	Nagr Dipl in Bemarking
Nagr Dipl in Ontwikkelingsfinansies	Nagr Dipl in Finansiële Beplanning
Nagr Dipl in Projekbestuur	Nagr Dipl in MIV (Vigsbestuur)
Nagr Dipl in Volhoubare Ontwikkeling	BCom
HonsBPA	BCom (Regsgeleerdheid)
MPhil (Bestuursafgrigting, Omgewingsbestuur, Toekomsstudie, Volhoubare ontwikkeling)	BPhil
MOntwikkelingsFinansies	HonsBCom
MBA	MCom
MPA	MPhil
BRek	
BRekLLB	
HonsBRek	
MRek	

B. PROSEDURE EN GASTE

1. Alle kandidate moet **twee uur** voor die aanvang van die betrokke plegtigheid **in die pawiljoen by die Danie Cravenstadion** aanmeld – kandidate gaan sit in die pawiljoen aan die rivier se kant - om in die korrekte volgorde (kandidateproses) opgestel te word **en om die noodsaaklike naamkaartjie wat tydens oorstap oor die verhoog vir die Dekaan gegee moet word, te ontvang**. By aankoms by die Danie Craven Pawiljoen moet alle kandidate reeds in besit van hulle gehuurde akademiese drag vir die plegtigheid wees (kyk paragraaf C hieronder).

Kandidate wat van openbare vervoer gebruik maak of van ver af reis om gradeplegtighede by te woon, word aangeraai om genoeg tyd toe te laat vir moontlike onvoorsiene gebeure soos druk verkeer, vlugte of busse wat laat vertrek, padverleggings of voertuie wat onklaar raak. Parkering (soms ver van die DF Malangedenksentrum), die huur van akademiese drag en die insluiting in die kandidateproses neem heelwat tyd in beslag. Daar is gewoonlik ook druk verkeer in Stellenbosch, veral by die DF Malangedenksentrum, wat tot vertraging aanleiding kan gee en veroorsaak dat kandidate laat arriveer.

Kandidate wat nie bekend is met Stellenbosch nie, word aangeraai om hulle vooraf van die ligging van en die roete na Coetzenburg en die DF Malangedenksentrum te vergewis, ten einde laat aankoms te vermy.

Kandidate wat nie bekend is met Stellenbosch nie, word aangeraai om hulle vooraf van die ligging van en die roete na Coetzenburg en die DF Malangedenksentrum te vergewis, ten einde laat aankoms te vermy. Kandidate wat van baie ver af reis, veral met openbare vervoer soos vliegtuie, busse of treine, word aangeraai om liewer reeds die dag voor die betrokke plegtigheid in Stellenbosch aan te kom. In Desember is akkommodasie teen billike tariewe in 'n universiteitskoshuis beskikbaar. Meer inligting onder paragraaf I.

Kandidate wat met of sonder gehuurde akademiese drag by die DF Malangedenksentrum arriveer nadat die verrigtinge reeds begin het, sal nie geakkommodeer word nie en sal hul graad *in absentia* moet ontvang.

2. **Gestremde of beseerde kandidate** wat nie oor die verhoog kan beweeg tydens die toekenning van die betrokke kwalifikasie nie (daar is trappe op na die verhoog), moet asseblief teen **Vrydag 29 November** met Dorothy van Kerwel by tel nr 021 808 3729 of e-pos dvk@sun.ac.za in verbinding tree met die oog op die tref van spesiale reëlings vir die toekenning van die kwalifikasie voor die verhoog.
3. Die Universiteit doen 'n vriendelike beroep op alle kandidate en op hul gaste om nie die saal tydens die plegtigheid te verlaat nie en sodoende te verseker dat die plegtigheid met die nodige waardigheid verloop. Indien dit vir kandidate onmoontlik blyk te wees om die volle duur van 'n plegtigheid teenwoordig te wees, moet hulle dit oorweeg om die kwalifikasie **in absentia** te ontvang (kyk paragraaf D vir die aansoekproses). Indien dit vir gaste onmoontlik blyk te wees om die volle duur van 'n plegtigheid teenwoordig te wees, moet die plegtigheid eerder nie bygewoon word nie.
4. Kandidate en hul gaste word ook vriendelik versoek om slegs ongegeurde water die saal binne te bring, geen koeldranke of eetgoed nie. Die DF Malangedenkcentrum is toegerus met 'n spesiale vloeroppervlakte vir binnenshuise sportbyeenkomste. Koeldranke, sap en eetgoed wat op die vloer val, rig permanente skade aan.
5. Kandidate mag elk tot **drie gaste** na die plegtigheid nooi. Geen toegangskaartjies word uitgereik nie. Voorskoolse kinders moet liefies nie die plegtighede bywoon nie.

C. DRAG EN AKADEMIESE DRAG

1. Om nie afbreuk aan die waardigheid van die plegtigheid te doen nie, word van kandidate verlang om fatsoenlik gekleed te wees. Mans moet kraaghemde dra. Die dra van 'n toga is verpligtend.
2. **Kandidate wat met of sonder gehuurde akademiese drag by die DF Malangedenkcentrum arriveer nadat die verrigtinge reeds begin het, sal ongelukkig nie meer geakkommodeer kan word nie en sal hul kwalifikasies in absentia moet ontvang.**
3. Die prosedure vir die huur van akademiese drag (togas en kwalifikasiebande) is soos volg:
 - 3.1 Alle kandidate moet reeds oor hulle gehuurde akademiese drag beskik wanneer hulle twee uur voor die plegtigheid in die pawiljoen by die Danie Cravenstadion op Coetzenburg aanmeld. Die verhuring vind plaas vanuit "Die Stal" in die Jannie Marais-huis op Coetzenburg op die volgende tye:

Maandag, 9 Desember	10:00 - 16:00
Dinsdag 10, Woensdag 11, Donderdag 12 Des	07:00 - 21:00
Vrydag, 13 Desember	07:00 – 19:00 (Vanaf 10:00 slegs terug-handiging)

- 3.2 Kandidate vir oggendplegtighede word aangeraai om hulle akademiese drag reeds die vorige dag te huur. Weens die Eedafleggingseremonies vir voorgraadse kandidate van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe geld eiesoortige reëlings vir hulle, wat reeds aan hulle gekommunikeer is.
- 3.3 Die huurtarief vir 'n toga en graad-/diploma-/sertifikaatband sal **R160+R200 deposito = R360** beloop. 'n **Addisionele band** vir 'n voorheen verworwe kwalifikasie kan teen **R100 bykomend** gehuur word (nie terugbetaalbaar nie). **Slegs kontant** sal aanvaar word en die R200 deposito is terugbetaalbaar by terughandiging van die gehuurde akademiese drag in "Die Stal" na afloop van die plegtigheid. **Gehuurde akademiese drag moet ná die foto-sessie na afloop van 'n gradeplegtigheid by "Die Stal" teruggehandig word.**
- 3.4 Kandidate wat alreeds graad(e) aan ander universiteit(e) verwerf het, moet vroegtydig die graadband(e) van die betrokke universiteit(e) aanvra, indien hulle die graadband(e) by hierdie plegtigheid sou wil dra.

D. GRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE IN AFWESIGHEID

Kandidate wat nie die gradeplegtigheid kan bywoon nie, kan reël dat hulle grade, diplomas of sertifikate **in absentia** verleen word deur op www.mymaties.com die vorm te voltooi **vóór Vrydag 6 Desember**. Die betrokke gradueringsdokumentasie sal dan outomaties na afloop van al die plegtighede aan hulle gepos word.

LW: Vorm op www.mymaties.com >>Studies >>Gradeplegtighede >> Afwesig tydens Plegtigheid

E. OORSTAAN VAN GRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE

Studeerders wat kwalifiseer om by die Desemberplegtighede grade, diplomas of sertifikate te ontvang, maar wat die verlening daarvan tot die Aprilplegtighede wil laat oorstaan, kan die nodige reëling tref deur die betrokke vorm op www.mymaties.com te voltooi **vóór Vrydag 6 Desember**. Voorgraadse studente wat die tweede eksamen geleentheid van 'n module in die Novembereksamens benut en slaag - en dus hulle kwalifikasies outomaties by die gradeplegtighede in April die volgende jaar ontvang - hoef nie die vorm te voltooi nie.

LW: Vorm op www.mymaties.com >>Studies >>Gradeplegtighede >> Afwesig tydens Plegtigheid

F. NEEM VAN FOTO'S

Akademie drag is by alle plaaslike fotografe beskikbaar vir die neem van foto's. Tydens die plegtigheid word ook foto's van elke kandidaat by toekenning van die betrokke kwalifikasie geneem, wat later bestel kan word. 'n Bestelvorm word ná die plegtighede aan graduandi gestuur.

G. EKSAMENUITSLAE

Die eksamenuitslae word amptelik bekend gemaak op **Vrydag 6 Desember om 14:00**.

Studeerders kan hul uitslae verkry deur-

1. die **studenteportaal** by www.mymaties.com te gebruik, of
2. navraag te doen by die Universiteit se **outomatiese antwoorddiens** by 083 123 7777, of
3. die **selfoon** webtoepassing by <http://m.mymaties.com> te gebruik.

H. GELDSKULDENAARS

Kandidate wat afstudeer, maar wat geld aan die Universiteit verskuldig is, is onderworpe aan die volgende bepalinge:

1. Waar die verskuldigde bedrag meer as R100,00 is, ontvang die kandidaat by die plegtigheid 'n koker met 'n rekening en 'n aanmaningsbrief daarin (in plaas van die amptelike gradueringsdokumente). Waar die verskuldigde bedrag minder as R100,00 is, ontvang die kandidaat wel die amptelike dokumente.
2. Om dit vir die Universiteit logisties moontlik te maak om kandidate se gradueringsdokumente by die plegtighede uit te reik, **moet alle** verskuldigde bedrae vir die doel van-
 - die Desemberplegtighede **voor 12:00 op 29 November 2013 vereffen wees**.
 - die Aprilplegtighede **voor 12:00 op 10 April 2014 vereffen wees**.

I. AKKOMMODASIE VIR GRADEDAE BY UNIVERSITEIT BESKIKBAAR

Persone wat die Gradeplegtighede in Desember kom bywoon, kan van Universiteitsverblyf gebruik maak om in te oornag. Studeerders-woonhuise en ander wooneenhede is beskikbaar teen billike tariewe.

Kry meer inligting by mev Mathilde Bekaardt by tel (021) 808 2895. Brosjures kan ook per e-pos aangevra word by mbekaardt@sun.ac.za.

J. TOEKENNING VAN GRADE / DIPLOMAS / SERTIFIKATE OP 22, 23, 24 EN 25 APRIL 2014

Voorgraadse studente wat die tweede eksamen geleentheid in 'n module tydens die Novembereksamens benut en slaag sal, indien hulle kwalifiseer, hulle grade, diplomas of sertifikate tydens die **Aprilplegtighede in 2014** soos hieronder aangedui in die DF Malangedenksentrum ontvang. Nagraadse studente tot op magistervlak wie se eksaminering betyds afgehandel is, sal eweneens in **April 2014** soos volg gradueer (doktorale grade, uitgesonderd Eredoktorsgrade, sal by twee spesiale gradeplegtighede in die Endlersaal van die Konservatorium vir Musiek toegeken word en inligting daarvoor word in 'n spesiale kennisgewing vir doktorale plegtighede vervat):

1. DINSDAG 22 APRIL 2014 (17:00)	• Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: ND Dispuutbeslegting, ND Leierskap, ND MIV (Vigsbest), ND Ontwikkelingsfinansies, ND Projekbestuur, ND Volhoubare Ontwikkeling, HonsBPA, MPhil (Bestuursaf, Omgewingsbest, Toekomsstudie, Volhoubare Ontwik), MOF, MPA, MBA, BRek, BRekLLB, HonsBRek, MRek
2. WOENSDAG 23 APRIL 2014 (10:00)	• Ekonomiese & Bestuurswetenskappe: ND Akt Wet, ND Bemaking, ND Fin Beplanning, BCom (ingesluit Regsgeleerdheid), BPhil, HonsBCom, MCom, MPhil
3. WOENSDAG 23 APRIL 2014 (17:00)	• Lettere en Sosiale Wetenskappe
4. DONDERDAG 24 APRIL 2014 (17:00)	• Natuurwetenskappe • Agriwetenskappe • Teologie • Ingenieurswese
5. VRYDAG 25 APRIL 2014 (10:00)	• Opvoedkunde • Regsgeleerdheid • Geneeskunde en Gesondheidwetenskappe • Krygskunde • Eredoktorsgrade

JA Aspeling
REGISTRATEUR

28 Oktober 2013

Algemene inligting

Opstel van alle kandidate voordat daar in die saal inbeweeg word:

Stap 1: Alle kandidate huur 'n swart toga en kwalifikasieband by Die Stal.

Stap 2: Alle kandidate vergader op die Danie Craven Paviljoen.

Stap 3: Finale aankondigings

Stap 4: Alle kandidate se name word per fakulteit uitgelees. Eers alle voorgraadse kwalifikasies en daarna nagraadse kwalifikasies.

Stap 5: Nadat naam uitgelees is, stap na tafel om voorstellingskaartjie te ontvang. Die kaartjie word gebruik om kandidaat se van en naam tydens die plegtigheid te lees.

Stap 6: Almal word in rye, in numeriese orde nav die nommer wat regs bo in die hoek van die voorstellingskaartjie gedruk is, opgestel.

Stap 7: Hou band vas soos op die keersy in foto 1 en 2 gewys word.

Stap 8: Stap na DF Malan Gedenksentrum en neem sitplek in.

Algemeen:

- Sit asb alle selfone af
- Geen rook toegelaat in die saal

GESINSFOTO'S



PLEK: SPORTWETENSKAP-GEBOU COETZENBURG

(AGTER DF MALAN-SAAL IN SPORTWETENSKAP-GEBOU (HOOFINGANG))

Datums: 10, 11, 12 en 13 Desember

Tye: 10, 11, 12 Des (07:30 – 21:00); 13 Des (07:30 – 15:30)

2 Pakette beskikbaar: 3 Jumbos @ R110,00/6 Jumbos @ R140,00 Insl: toga, band, hoed en posgeld (RSA)


Besprekings

Administrasie Blok A Kamer 1013 of Tel: 021 808 3073 of 021 808 3566 (08:00 – 16:30)
Direk na plegtighede sal ons studente afneem soos hulle aankom, omdat ons nie weet hoe laat die plegtighede klaarmaak nie.


Studente kan enige dag 'n afspraak maak; dit hoef nie op dieselfde dag as hul plegtigheid te wees nie.

Amptelike grade-fotograwe van Universiteit Stellenbosch

PROSES TYDENS GRADEPLEGTIGHEID



Plaas band oor linkerpols met "V" na bokant van arm.




Hou los punt van die band tussen duim en wysvinger vas.



Stap met trappe op, gee voorstellingskaarjie aan Dekaan.



Stap tot voor podium, gee handdruk met regterhand. (Sorg dat jou hare vasgemaak is indien nodig.)




Draai na gehoor - band word oor skouers gehang.



Stap tot voor Registreur, hou linkerarm uit - band word geneem.



Fotograaf - posisie 4



Kyk effens links vir foto 1.




Kyk na regs vir foto 2.



Fotograaf - posisie 5



Stap met trappe af, neem koker aan onderpunt van trappe.



Stap terug na sitplek in saal.